# Die Boer Verklaring van die Zuid-Afrikaansche Boervolk

Uitgereik deur die Tydelike Adviesraad (TAR), namens die lewende Boervolk, gesamentlik verenig onder die Zuid-Afrikaansche Boervolk (ZAB), geadministreer deur die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR).

**15 Februarie 2026** Verwysing: ZABR_Openb_Ver_003

**WAT IS DIE BOER VERKLARING**

**VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE BOERVOLK?**



Die Boervolk is ’n inheemse VOLK, getoë en gevorm in Afrika. Die Boervolk se ontstaan, haar geskiedenis, haar Republieke en haar Geloftes is hier gevestig. Haar voorgeslagte het met die hoogste prys teen verraad betaal sodat haar nageslag ’n vry, veilige en voorspoedige toekoms hier aan die suidpunt van Afrika kon beleef. Haar voorgeslagte het ‘n wedersydse erkenning en met respek vir ander plaaslike gemeenskappe in Suid-Afrika ‘n bestaan gevoer.

Die Boervolk besef dat hierdie land ’n komplekse verlede het as gevolg van misleiding, verraad en die ontkenning van haar regte. Daar was in die geskiedenis ernstige konflikte tussen volkere waarvoor die Boer NIE gevra het nie, maar wat op hom instrumenteel afgedwing was. Die huidige krisis in die land is tans só ernstig, dat ons visie vir die

toekoms moet wees om te leer uit ons geskiedenis, uit ons geheue, die lesse van die verlede, sodat dit nie weer herhaal word nie. Sy moet gereeld na die verlede kyk, maar ter wille van haar vryheid, sal sy weer soos haar voorgeslagte op haar Almagtige Hemelse Vader moet vertrou, ONVOORWAARLIK! Sy mag nie toelaat dat dit wat deur haar voorgeslagte ter wille van haar vryheid opgeoffer was en die onreg wat die weerlose vroue en kinders moes beleef, tevergeefs was en vergete raak nie. Die oorsaak van die situasie waarin ons vandag verkeer, is opgesluit in die besluite van die verlede en die uitkoms vir die toekoms sal gevind word deur die keuses wat gemaak word dat dit nie weer sal herhaal nie.

**Dit is duidelik dat pogings tot gedwonge integrasie of opgedronge eenheid onder breër identiteite nie volhoubaar is nie, maar eerder afsonderlike ontwikkeling van volkere bevorder moet word, in ooreenstemming met inherente regte op selfbeskikking.**

Daar word gevra wat die Boer benodig om blywend vry, veilig en voorspoedig in Suid-Afrika te kan leef sodat hy ’n volhoubare bydrae tot die welstand van sy eie volk hier aan die suidpunt van Afrika kan lewer.

Die bondige antwoord hierop is dat die Boervolk moet terugkeer na die vertrouens-beginsels van haar voorgeslagte; na hul vertroue op hul Almagtige Hemelse Vader; dít wat hul bestaansreg in die eerste plek bevestig het; wat veroorsaak het dat hul Skepper hul aangehoor EN verhoor het. Dit wil sê, ’n samelewing gebaseer op Vader se volle Woord waardeur sy ’n voorspoedige toekoms vir haar volk en die volke om haar kan help verseker. Die Zuid-Afrikaansche Boervolk wil graag haar basiese uitgangspunte om so ’n behoeftige en noodsaaklike samelewing te vestig, uitstippel.

*Verklaring: Die Boervolk is ’n inheemse volk met volkereg, verbind tot Afrika!*


1.

## DIE BOER SE HERKOMS




Die Boer, verklaar sy bestaan en herkoms as volg:

Die Boer is versamel uit vele Saksiese nasies vanuit Europa en sy voorgeslagte het na die suidpunt van Afrika gevlug in die later 1600's a.g.v. hul Protestantse vertrouens beginsels waarvoor hulle in hul lande van herkoms, deur die kerklike instansies en die staat verdruk, vervolg en vermoor was.




As Vryburgers in die Kaap het hierdie tendens homself weer herhaal; waar die Boer deur die NG Kerk en die onwettige Britse regering vervolg en verdruk was waarna hulle hulself as Grensboere in die Oos-Kaap gevestig het. In die laat 1700's, het hierdie tendens homself weereens herhaal in die Oos-Kaap waarna hul as Trekboere bekend gestaan het met die ontstaan van die Groot Trek vanuit die Kaap, dieper die binneland in met die soeke na vryheid en reg. Hier is die Boervolk gebore.

## 2.

## DIE BOERVOLK SE GEBOORTE

In die voorgeskiedenis is daar belangrike beginsels van die Boervolk wat na vore kom:

1. Die Boervolk het 'n sterk Saksiese herkoms en is 'n trotse en suiwer blanke ras.
2. Die Boervolk het 'n sterk vertroue in haar Skepper, Die Almagtige Hemelse Vader, wat vir haar as ononderhandelbare steun en anker dien.
3. Die Boervolk se kultuur is gevorm deur haar vertroue in haar Almagtige en Sy volle Woord wat altyd aan haar die lewensweg en -reg gebaan het.
4. Die Boervolk se taal het spontaan vanuit haar volksgeledere ontstaan



en is binne haar volksmond gevorm. Die Boer is trots op haar taal deur dit suiwer en reg te gebruik.

5. *Eendracht maakt macht* (Eenheid gee krag) is as ‘n werklikheid beleef en ervaar. So ook: *tweedracht verbreek kracht*.
6. Die Geloftes aan haar Skepper gemaak om onder andere vir Hom ‘n volk te wees, is van kardinale belang tot haar voortbestaan.
7. Haar eerste Republiek, die van Graaff-Reinette, word op 4 Februarie 1795 gestig waarna die Republiek van Swellendam op 17 en 18 Junie 1795 volg, beide word deur die Britse regering onwettig geannekseer. Tot die begin van die ABO, is 21+ Republieke deur die Boer gestig.




Hierdie beginsels en gebeure het ‘n kohesie van eenheid gevorm onder die Boer, wat daartoe gelei het dat sy as ‘n volk, na die gebeure by Slagtersnek en tydens die Groot Trek, gebore is; ‘n volk op soek na selfbeskikking, geloofsekerheid en veiligheid waar sy in vrede en vryheid haar Skepper as ‘n soewereine volk kon dien.




Na die ontstaan van die Groot Trek, is die Boervolk op verskeie geleenthede deur die internasionale gemeenskap as ‘n soewereine volk erken waarvan die vroegste in 1841 in ‘n Nederlandse publikasie verskyn het, nog vóór die erkennings by die Sandrivier (17 Januarie 1851) en Bloemfontein (31 Mei tot 5 Junie 1899) konvensies. Maar selfs vóór hierdie erkenning, in 1838, was die Boervolk deur haar Almagtige Skepper aangehoor en verhoor. Daardeur is sy as ‘n volk deur die Aller Hoogste Gesag erken en bevestig!

Daar was nooit na die Boer verwys as Afrikaner nie. Hulle was altyd verwys na as

die Boere. Heens die Anglo-BOEREoorlog; die oorlog en volksmoord deur die Brit op die Boer, terwyl ~50 000 Kaapse Afrikaners (Cape Dutch) die Brit teen die Boer ondersteun het ter wille van hul imperialistiese aspirasies.

Afrikaner-nasionalisme het met hierdie imperialistiese aspirasies egter van vóór die ontstaan van die ABO, die Boer met die Afrikaner geassimileer. Akademiese, politici, kerklui en voorgestelde leiers na die oorlog, het hierin leiding getoon. So is hoogverraad deur imperialistiese Afrikaner-nasionalisme teen die Boervolk gepleeg deur haar identiteit en haar erfenis te annekseer onder die breë struktuur van die "Afrikaner volk"; iets wat nie kan bestaan nie.




3.

## WAARDESTELSEL

Die waardestelsel van die Boervolk, wat deur haar identiteit en karakter bepaal word, staan vas op haar Skriftuurlike beginsels: Haar vertroue in die Almagtige Hemelse Vader en Sy volle Woord wat haar die reg tot selfbeskikking, rasegte en as apart gestelde volk bied, wat in vrede met haar bure en andere volkere wil harmoniseer. Die Boer besef dat daar nie eenheid in verskeidenheid kan bestaan nie aangesien verskeidenheid lei tot verdeeldheid.

4.

## SELFBESKIKKING

Voorts verklaar die Boervolk ook dat sy:

1. die reg het om haarself te administreer, self oor haar toekoms en haar bestaan binne haar eie, reeds erkende grondgebiede, te beskik;
2. self oor die opvoeding en onderwys van haar kinders sal beskik;
3. self oor die welsyn en gesondheid van haar bejaardes, wees, weduwees, vrouens en kinders sal beskik;



Die 2025 Boervolk Eenheidsvlag

4. haar eie regbank as Volkshof sal bestuur volgens Bybelse beginsels met die Almagtige Vader as die Hoogste Gesag;
5. geregtig is op haar eie ekonomiese bestel;
6. geregtig is op haar eie vredesmag om die voortbestaan en beveiliging van haar volksgenote te verseker;
7. die reg het om haar volkseie kultuur te herstel.




## 5.

## AFSONDERLIKE ONTWIKKELING VAN VOLKERE

Die Boervolk was nog altyd deursigtig en buur volkere het krediet aan die Boer verleen as gevolg van die onbaatsugtige aksie van die Boer tenoor haar bure.

In haar geskiedenis was daar insidente waar die Boervolk in 'n kwesbare posisie verkeer het, waar sy uitgehelp was deur ander volkere. Sulke gebare word steeds deur die Boer erken. Britse inmenging het egter hierdie bande geskaad en die skade staan tot vandag.

Terwyl die Boervolk volgens die Skrif nie met sulke wettelose volke in ooreenkoms mag gaan nie, word hul bestaan erken en is sy gewillig om met hulp en raad te bedien. Die ontwikkeling van die Boervolk sal egter eerste geplaas word. Buur volkere sal verantwoordelik wees vir hulle eie ontwikkeling buite die kultuur en sosio-demografiese grense van die Boervolk se grondgebied en omgekeerd.




## 6.

## DIE GRONDWET ERKEN DIE STREWE NA GRONDGEBIED

Soos enige ander volk is daar nie presiese eenstemmigheid oor wat die volk vir 'n

voorspoedige voortbestaan benodig nie. Desondanks verdien die bewys vanuit die Boervolk se geskiedenis die nodige volwassenheid en erkentenis om in eenheid die waarheid te ondersteun. Die Zuid-Afrikaansche Boervolk steun ‘n teokraties-sosialistiese ideaal van kulturele outonomie in Suid-Afrika. Die Boervolk huldig, ingevolge haar republikeinse tradisie, die beginsel dat kulturele vryheid sonder grondgebied sonder gronde is. As gevolg van die kompleksiteit en die diversiteit van die samelewing tans in Suid-Afrika, ***pleit die Boervolk, soos die Boervolk van ouds, slegs by haar Hemelse Vader vir hierdie beskikking.***

Die Grondwet bied wel ruimte hiervoor, soos die voorsiening wat dit maak vir verskillende vorme van interne selfbeskikking. Geen volk het die luukse om enige grondwetlike deur na groter outonomie self toe te maak nie omdat sy hom dan permanent ondergeskik en afhanklik stel aan ander volke.

# 7.

## JURISDUKSIE EN STATUS VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE BOERVOLK




Hierdie dien as ‘n verklaring ter rekord van die herstel van status van die Boervolk.

**Die Zuid-Afrikaansche Boervolk plaas hiermee op rekord dat die Boervolk**:

1. gedwing was om oor te gee en die Vrede van Vereniging te onderteken as gevolg van die ~150 000 vroue en kinders onder haglike toestande in die konsentrasiekampe wat gelei het tot ~40 000 sterftes en die Verskroeide Aarde-beleid waarin ~30 000 plase verwoes is;
2. nie die statutêre jurisdiksie en politieke status van die RSA Ing. erken nie aangesien dit gebaseer is op bedrog;
3. nie die Westminster partypolitieke stelsel sedert die ABO erken of aanvaar het nie en dat sy daardeur mislei is en deur bedrog daartoe verbind was;
4. geen kerklike instelling erken nie aangesien die ontstaan van die Boervolk die gevolg was van hul verwerping van die kerklike instelling, gevolg deur sendelinge, wat hul nog altyd vervolg en onderdruk;

5. onder die soewereine jurisdiksie en politieke status van die lewende man en vrou binne volksverband staan;
6. onder die gesag van die gemene- en gewoontereg van die Boervolk se Volkshof staan, ondergeskik aan die Hoogste Gesag en Sy volle Woord; en
7. wat hulself in eenheid by die beginsels van die Zuid-Afrikaansche Boervolk kan voeg, geassisteer sal word om hul status te herstel om die RSA en internasionale rekords te hersien onder die administrasie van die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke.

## SLOT

Die Tydelike Adviesraad van die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke, staan vir hierdie verklaring as verteenwoordiger van die Zuid-Afrikaansche Boervolk se inherente regte.

*Die ZAB pleit om haar vryheid, haar grondgebied en haar onafhanklikheid, slegs by haar Almagtige Skepper en by haar Boer volksgenote wat hul in eenheid by hierdie Boer Verklaring en beginsels van die ZAB kan voeg.*

Ons strewe is vreedsaam, onder die gesag van die Almagtige Hemelse Vader en in harmonie met internasionale beginsels van selfbeskikking (UNDRIP).

**Ons nooi die internasionale gemeenskap uit om hierdie historiese waarheid te erken en in vrede met ons te wandel.**

Kontak die ZABR om u te voeg tot die ZAB, om weer vir HOM 'n Volk te wees.

http://www.zaboervolk.com

zab@zaboervolk.com

*Die Boervolk het die reg om hier te bly!*